Suid-Afrika

Vrees vir geweld skrik WB-toeriste af

Von Karl-Ludwig Günsche, Kapstadt

Fotostrecke: 3 Bilder
DPA

Suid-Afrika se polisie maak gereed vir die sokker-WB. Die veiligheid by die spele self behoort hulle onder beheer te kry, die sportsmanne sal met polisiebeskerming na die stadions gebring word- maar in die res van die land lyk die situasie anders. Die vrees van die bevolking vir misdaad begin nou oorslaan in woede teen die regering.

Die eerste keer moes Flip Buys nog onsuksesvol weer weggaan. President Jacob Zuma was nie beskikbaar vir ‘n gesprek met die sekretaris-generaal van die vakbond Solidariteit nie. Maar verlede dinsdag het Buys se groot oomblik aangebreek. 107 000 briewe en e-posse kon hy persoonlik aan Suid-Afrika se omstrede staatspresident oorhandig – 18 kruiwaens vol. Met die eerste poging was dit slegs 23 000 briewe gewees.

Sedert die grootste onafhanklike vakbond van Suid-Afrika begin Februarie tot protes teen geweld en misdaad opgeroep het, vergroot die stroom van briewe van slagoffers van misdaad en besorgde burgers onophoudelik. ‘n Dag na die besoek by Zuma was dit volgens die vakbond reeds 136 000. “Ons mikpunt was om 10 000 briewe bymekaar te maak. Niemand van ons het gedink dat dit so baie sou word” sê sekretaris-generaal Buys met trots. Met nog groter vasberadenheid sal Solidariteit, wat veral die blanke middelklas verteenwoordig, vashou aan sy doel om misdaad die nommer 1 prioriteit in Suid-Afrika te maak.

Die deur die vakbond opnuut geinisieerde debat kom vir die land aan die Kaap op ‘n ongeleë tydstip. Want politici en magtige persone in sportkringe is toenemend besorg dat

die vrees vir misdaad talle sokkergeesdriftiges uit die hele wêreld van ‘n besoek by die WB 2010 sal afskrik.

Reeds nou het die WB- gashere hulle verwagtings oor die toeristestroom aansienlik afgeskaal: pleks van die 450 000 toeriste wat aanvanklik van oorsee verwag is, sal dit waarskynlik 20% minder wees, soos Fifa moes erken. Lusanda Madikizela, van die Department van Vervoer en verantwoordelik vir die WB 2010, is bevrees dat selfs dit nog te optimisties is: “Miskien slegs 300 000, indien nie nog minder nie.” Behalwe vir die hoë pryse is veral in Duitsland en Groot-Britanje die mediadekking oor misdaad in Suid-Afrika die hoofrede vir die huiwering van die toeriste (om te kom), bekla Madikizela.

Waarskuwing van die Department van Buitelandse Sake

Ook die departemente van buitelandse sake van Washington tot Londen, van Canberra tot Berlyn, waarsku skaars 3 maande voor die begin van die WB oor die onveranderd hoë misdaadsyfer. Die Duitse reiswaarskuwing lees in die kenmerkende amptstaal so: “Ook as die meerderheid van die misdade in gebiede en onder omstandighede geskied wat gewoonlik Duitse vakansie- en besigheidsreisigers nie raak nie, kan dit nie uitgesluit word dat Duitse reisigers die teiken van diefstaal, inbraak en roof en soortgelyke oortredings word.” Middestede moet buite besigheidsure vermy word. Op sondae en vakansiedae behoort toeriste slegs in groepe die stadsentrums aan te durf – en selfs in Nasionale Parke geen eensame wandelpaaidjies benut nie. Hulle word verder gewaarsku teen “K.o.” –druppels, motorkapings, nagtelike langafstand motorritte en aanvalle by kitsbanke.

Suid-Afrika se polisiehof, Bheki Cele, het intussen met ‘n tot dusver eenmalige aksie by die veiligheidsaanbieding van FIFA ‘n goed uitgewerkte veiligheidskonsep vir die WB bekend gemaak. Die spanne word deur sterk bewapende spesiale eenhede van die polisie bewaak en na die plekke waar die wedstryde plaasvind, begelei. In Durban byvoorbeeld sal ook die geesdriftiges deur spesiale veiligheidskorridore na die stdions begelei word. 44 000 polisiebeamptes sal na die 9 WB stede gestuur word om die sokkerfees so veilig moontlik te maak.

Die polisie is deel van die probleem

Die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte berei hulleself op moontlike terreuraanvalle deur alle moontlike senarios voor. Selfs Jorg Ziercke, leier van die Duitse Polisie, was tydens ‘n kort besoek in Januarie beindruk met die voorbereidings van die polisie en die “hoë profesionaliteit”.

Maar dit is net die een kant van die saak. Want die polisie is deel van die probleem. Wakker gemaak deur die mediaberigte, het skadu-polisieminister (eintlik net DA-woordvoerder oor veiligheid) Dianna Kohler Barnard van die opposisieparty “Democratic Alliance” begin Maart ‘n vyfpuntplan vir die opbou van ‘n “beter en meer betroubare polisie” voorgestel. Die oposissiepolitikus noem die SuidAfrikaanse polisiemanne “korrup en krimineel”.

Alleen in die afgelope ses maande het 71 gevalle bekend geraak waarby die polisie op kriminele wyse betrokke was. Die beskuldiging reik van verkragting en dwelmhandel tot ontvoering. Sekretris-generaal Buys het dus ook aangekondig dat sy organisasie en sy lede “soos waghonde” daaroor sal waak dat die polisie ook werklik hulle werk doen.

Ook die visekanselier van die Universiteit van Kaapstad, Max Price, kritiseer die polisie: ”Ons sal julle steun, maar dan moet julle eers bewys dat julle profesioneel en bekwaam is en ons respek verdien.”

Genadelose afrekenening met die stelsel.

Price het einde Februarie gepraat by ‘n roudiens vir die vermoorde student Dominic Giddy. Die diens het later ‘n geweldige protesoptog geword. Sy toespraak het ‘n genadelose afrekening met die politieke stelsel van Suid-Afrika geword: “Die werklike tragedie is dat in Suid-Afrika op hierdie oggend omtrent 50 gesinne met ‘n soortgelyke trauma wakker word as die naasbestaandes van Dominik: deur geweld en sinnelose misdaad het hulle ‘n geliefde mens verloor.”

Die politieke leierskap van die land moet nou finaal bewys dat hulle ernstig is met die stryd teen misdaad. ”As julle dit doen, sal ons julle ondersteun” het Price gesê. “Maar as julle, soos tot dusvêr, ligsinnig met ons lewens omgaan, sal ons weerstand bied – ons sal vir julle die middelvinger wys en sorg dat julle nie meer verkies word nie.”

Apartheid het ineengestort toe die burgerlike samelewing besluit het dat dit nou verby is. “Nou moet ons as samelewing besluit, dat dit verby moet wees met misdaad” Die sokker-WB is ‘n wonderlike voorbeeld van wat Suid-Afrika kan bereik as die politieke wil daar is: ”As ek ‘n stadion besoek, omvou die gevoel van absolute veiligheid my. Dit is indrukwekkend.” ‘n Soortgelyke sterk wil moet die politici ontwikkel om misdaad die hof te bied. “Misdaad is die grootste bedreiging vir die toekoms van ons land.”

Die regering is onbevoegd –want hulle is gewikkel in ‘n interne magstryd.

Soos met die geval van Solidariteit, het ook Price met sy emosionele “dis nou genoeg” ‘n golf van steun en simpatie uit alle bevolkingsgroepe bereik. Sy oproep word onder studente, dosente, ondernemers en werknemers verder gedra.

Die regering is intussen besig met ander dinge – hulle is in ‘n magstryd gewikkel. Reeds loop gerugte in die media rond, dat staatspresidnet Zuma wat in allerhande affêres gewikkel is, na die WB in September onthef sal word. “Teenrevolusionêre magte is op pad om die president terug te roep” het die sekretaris-generaal van die vakbond vir staatsamptenare, Mthandeki Nhlapo, gesê.

Die leier van die ANC-jeugliga, Julius Malema, huts die situasie nog verder aan. Hy, wat deur Zuma as ‘n soort kroonprins uitgesoek is en held van die lokasie-jeug is, het onlangs ‘n teenproduktiewe nasionaliseringsdebat aan die land opgedwing. Wie binne die regeringskoalisie van die ANC teen die nasionalisering van myne is, sal met die volgende

partykongress nie meer gekies word nie, so dreig die invloedryke jeugster. Zuma het slegs halfhartig teengehou dat dit nie regeringsbeleid is nie.

Met sy mees onlangse optrede het Malema in die styl van die diktator van Zimbabwe, Robert Mugabe, selfs nog verder gegaan. Voor 500 geesdriftige studente van die Universiteit van Johannesburg het hy die blankes sleg gesê en die ou veglied:”Maak die Boere/Afrikaner dood, maak die boere dood” gesing.